# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 217
18 Augustus 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsvergadering**
**- Bondsdames**
**- Bybelvasvrae**
**- Lewensbrood**


## REDAKSIONEEL

### Hoe lank nog?

Tydens die EFF se tiende verjaarsdagviering (gestig 26 Julie 2013), gehou op 29 Julie 2023, het hulle leier, Julius Malema, voor 'n skare van tienduisende en ten aanskoue van die hele wêreld gesing (vry vertaal):"Skiet die boer, skiet die plaasboer. Skiet om dood te skiet." Daarmee saam die klanknabootsing van 'n masjiengeweer.
Sy motivering is dat dit 'n '*struggle'* lied is en deel van sy/hulle kultuur is. Sonder verskoning stel hy dan ook uitdagend dat hy dit sal sing waar en wanneer hy wil. Die media is oorwegend aan sy kant en maak die situasie af as politieke retoriek wat nie op die werklikheid enige impak maak nie. Die howe stem saam en laat hierdie haat- en moordspraak toe.

In die eerste nadraai is daar reeds in die media berig dat daar 'n toename is in die gevalle van plaasaanvalle, gepaardgaande met moord, marteling. Geen ouderdom is gespaar in die aanslag teen ons mense nie, en ja, ek sê skaamteloos 'ons mense'.

Verskeie organisasies is besig om die saak verder te voer. Indien die resultaat in die parlement enige aanduiding is, gaan daar nie veel van daardie pogings kom nie. In die parlement en politieke kringe is die vraag gestel: "Gaan die president 'n ondersoek loods na hierdie hernieude aanslag teen ons land se boere?" Sy antwoord in die parlement sê dit alles. Vry vertaal, stel hy die volgende op 'n vraag oor die saak na wat hy gaan doen om die moord van wit plaasboere te stop. Sy antwoord:

"*Ek slaag nie daarin om agter te kom wat die vraag is nie. As ek dan heeltemal eerlik moet wees, ek het gedink hy wil hê ek moet 'n vraag beantwoord. Ek self sou nogal 'n interessante vraag aan hom wou stel. Wat het hy gedoen terwyl die apartheid regime besig was om ons mense te slag (slaughtering- dui op slagting, in so 'n konteks die massa-slagting van weerlose mense). Dit is die vraag wat ek sal stel, want soos ek die saak sien, hy is wit. Om wit te wees beteken dat hy een van daardie mense is (almal wit) wat die apartheid regime ondersteun het."* Tot so vêr Ramaphosa se woorde ... .

'n Paar sake dien vermeld te word. Die eerste opmerking moet wees dat hierdie duidelik rassistiese woorde is. Die rasse-kwas word breed en braaf getrek. Nie net wit mense kan rassisties wees nie. Rassisme word definieer as 'n opvatting of aanvaarding dat ras deurslaggewend is ten opsigte van inbors, intelligensie,

vermoë, of dergelike, wat dikwels aanleiding gee daartoe dat 'n bepaalde ras as meerderwaardig en ander rasse as minderwaardig beskou word, met die gevolg dat oorheersing van een ras oor 'n ander of onderdrukking van die minderwaardig gewaande ras as 'n redelike of vanselfsprekende praktyk beskou word. Enige persoon wat sou wou beweer dat ander etniese groepe nie rassisties kan wees nie, werk met ‘n skewe, ideologiese definisie. Die argument waarop die president staatmaak is: Jy is (kleur). Alle (kleur) mense is sus of so. Jy is dus sus of so. In hierdie geval toegepas; jy is wit, die wit regering het vergrype gepleeg, jy (as gevolg van jou velkleur) het dit ondersteun en selfs voordeel daaruit getrek. Jy is dus ook skuldig en moet skuldig voel en jou mond hou oor die huidige situasie.

Om hierdie kort gedagte na reg te beantwoord, is moeilik. ‘n Eerste antwoord is dat dit nie moontlik is om alle mense oor dieselfde kam te skeer nie. Daar was nog altyd diversiteit van denke en benadering in alle gemeenskappe. Nie alle gemeenskappe is ewe tegemoetkomend ten opsigte van andersdenkendes nie. Dit beteken nie dat hulle nie bestaan nie. Wat van julle eie Carl Niehaus (gebore 1959) meneer Ramaphosa? Hy is wit. Solank menseheugenis is, so lank het hy teen die bestel van die tyd geveg, julle het hom selfs segsman gemaak by geleentheid. Is hy dan ook skuldig. Het hy ook die apartheid regime ondersteun? En daar is dalk selfs duisende wat net soos hy gedink en opgetree het.

Wat van die mense wat oor die destydse kleurgrens getrou het? Is hulle ook skuldig aan die sogenaamde slagting? Wat van Siya Kolisi se vrou? Sy is wit. Is sy skuldig, dalk meer so omdat sy nou volgens jou redenasie agter haar swart man se vel wegkruip? Wat van die vele kinders gebore na 1999 (vyf jaar in julle bewind in) wat wit gebore is, met baie van hulle wat buite hulle kulturele agtergrond tree met die keuse van lewensmaats. Is hulle skuldig net omdat hulle wit is? Wat van al die (al hoe minder wordende) wit kinders gebore na 1994; is hulle skuldig? Hoe het hulle die vorige regering ondersteun? Hul was toe nog nie gebore nie.

Daar is nou diegene wat dwars oor die wêreld praat van ‘*white privilege*’. Dit is skynbaar een of ander ontasbare, onsigbare, onregverdige voordeel wat alle blankes reeds by geboorte het op grond van die kleur van hulle velle. Het meneer Ramaphosa dalk daarna verwys? Dit is egter ‘n ander kategorie van skuldig omdat dit net na gewaande aangebore voordeel verwys, nie die ondersteuning van ‘n bepaalde regeringsbeleid nie.

Die tweede opmerking is om die opruiende taalgebruik met absolute minagting te verwerp. Die verwysing na die sogenaamde slagting van swart mense is om verskeie redes ‘n skreiende skande.

Die feit dat iets in die verlede na bewering verkeerd geloop het, beteken nie dat dit die verkeerde van vandag regverdig nie. Dit is net in Wiskunde waar die negatief maal die negatief ‘n positief tot gevolg het. Twee verkeerde optredes of situasies maak nie iets reg nie.

In die jaar 1959 was daar 5.9 moorde per 100 000 mense in Suid-Afrika. In 1970 is 19 mense per 100 000 vermoor. In 1985 was daar 57.4 moorde per 100 000. Teen 1987 was die laaste van die sogenaamde apartheidswette van die wetboeke geskraap. In 1995 was die moordsyfer 67.9 per 100 000 (+ 29 800)! Verlede jaar was Jamaika die enigste land ter wêreld waar meer moorde gepleeg is as ter plaatse. Tuis is die huidige koers ongeveer 43.2 moorde per 100 000 per jaar (beter as 1995, slegter as 2010). Om getalle te gee aan die statistiek; in 1985 het daardie verskriklike moorde plaasgevind onder ‘n bevolking van 35 miljoen mense, ofte wel 19 990 mense is vermoor. Die 2022 moord-koers van 43.2 onder 60 miljoen vertaal na +26000 moorde in een jaar. Dit is duidelik dat die moord-koers in die ANC regime se tyd katastrofies hoog is. Hoe durf Ramaphosa praat van "*slaughtering our people*".

Hoeveel bloed is histories op die president en sy ANC se eie hande? Gaan kyk gerus na die O'Malley lys van MK operasies om agter te kom hoeveel mense dood is, vermink is, getraumatiseer is. Baie van die geplante bomme het hulle eie mense en kaders doodgemaak. Wat van hulle eie hoogheilige Mandela (nogal ontvanger van die Nobel-vredesprys!) se Kerkstraat bom? Of die stasie bom? Of ...

Wat van die gruwelike halssnoermoorde wat oorspronklik deur dieselfde Mandela se eggenote ingespan is om enige moontlike samewerker (sogenaamde ‘meelopers van die apartheid regime') te martel-moor. Vir die jonger lesers; halssnoer moorde was iets wat in die openbaar plaasgevind het, Die slagoffer is vasgekeer, dikwels forseer om petrol te drink, dan is daar buitebande oor die persoon geplaas, brandstof is oor hom/haar uitgegooi en hy/sy is lewend aan die brand gesteek. Hoeveel mense van Ramaphosa se ‘*slaughter'* is eintlik slagoffers van die ANC se strewe na mag teen alle koste?

Die president se woorde in die parlement is baie meer inflammatories, meer uitdagend en meer rede tot kommer as die astrante botter-bulletjie hanswors, Malema, se gesing. Hy het tussen verkose leiers, ten aanhoor van die hele wêreld sy opruiende antwoord gegee. Hy het net kort van die moorde verbaal regverdig opgehou. Dit is nie 'n oorspanning van sy woorde om te stel dat hy die moorde verdedig het nie. Sy uitdagende beskuldigende houding het duidelik die boodskap gedra van "julle is skuldig omdat julle wit is, bly stil en wees dankbaar julle lewe nog". Dit is kommerwekkend gesien in die lig van die opmerking wat gevind kan word in die memoires van Dr Mario *Oriani-Ambrosini*; waarvolgens Ramaphosa die voorbeeld gebruik het van die paddas wat in die pot kook. Onthou, hy het gesê dat jy nie ‘n padda in kokende water gooi nie, hy spring uit. Nee, jy maak die water stadig warm met die padda in die pot, en dan kook hy dood voordat hy kan vlug. Hy het verwys na die ANC se 25 jaar strategie ten opsigte van die blankes. Hulle plan was/is om geleidelik deur wetgewing alles van die blankes weg te neem en aan die swart bevolking oor te dra. Doen dit stadig genoeg en hulle sal nie rebelleer of veg nie. Waar nodig (kan ons byvoeg) laat hulle skuldig voel oor dinge wat hulle nie ‘n aandeel in het nie.

In ‘n land waar daar tans meer ras-gebaseerde wetgewing is as in die geskiedenis van vorige bedelings, is die vraag nie of daar rassisme teenwoordig is nie, maar na die hoe lank van hierdie ras gedrewe benadering.

Alle mense het die reg tot lewe, ongeag die toevalligheid van hulle velkleur. Die regering het die plig om alle lewe te beskerm. Hoe lank nog voordat dit begin gebeur? Gaan dit gebeur?

## BERIGTE BONDSVERGADERING

Die komende Bondsvergadering te Koster se Agenda en bylae is aan die gemeentes gestuur. Ons dra Ds Strauss, die gemeente en almal betrokke op aan die Here. Verskeie sake rakende die toekoms van die GHG, in besonder die opleiding van predikante, sal voorkeur aandag geniet tydens die vergadering

## BONDSDAMES

TEMA 2023: DIE PAD VORENTOE

Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit. Spreuke 4:25

**1. UITNODIGING:**

Dames, julle word hartlik uitgenooi na die sewende Damesbyeenkoms wat DV plaasvind op 11 September 2023 te Hervormde Kerk Koster. Dit sal wonderlik wees as soveel as moontlik van julle Susters daar kan wees. Dames is ook welkom by die Bondsvergadering vanaf die opening en met verversings daarna; asook die saamkuier Maandagaand en die laaste gedeelte van die Bondsvergadering Dinsdag.

Die koste beloop R200 pp vir dames wat Maandag net vir die vergadering teenwoordig is. Indien u Maandagaand en/ of Dinsdag ook inskakel, is ‘n addisionele bedrag van R160 pp betaalbaar te: Hervormde Susters-vereniging Koster

Absa tjekrekening 408 049 0580

Takkode 632005

Verwysing “Damesverg. + naam van gemeente”

Stuur bewys aan:

kozette.strauss@gmail.com

Dit sal wonderlik wees as die vormpie hieronder so gou as moontlik (op die heel laatste 10 Augustus 2023) ge-epos word aan Kozette Strauss by kozette.strauss@gmail.com (of met whatsapp na 081 277 3961).

Ter wille van voorbereiding en aankope dui asb aan hoeveel en watter etes u gaan nuttig.

**2. BELANGRIKE INLIGTING**:

Om bygevoeg te word by die kontak-/ inligting groep, stuur ‘n Whatsapp aan Yvette by 072 223 7522.

Vir die Bondsdames Byeenkoms op 11 September 2023 wil ons graag ‘n opname maak van hoe die Doelstellings van die Bondsdames uitgeleef word in julle Gemeente. Sal julle asb. so gaaf wees en die vraelys invul en terug stuur na Marietjie Wolmarans.

Dit is nie altyd vir almal moontlik om te reis nie. Indien u nie self by die Bondsdames se byeenkoms kan wees nie, span gerus die tegnologie in.

Ons wil graag hê dat al die Susters insette sal lewer of julle die byeenkoms kan bywoon of nie.

Stuur asseblief ook foto’s van julle Gemeente / Susterveneniging en bedrywighede per epos of Whatsapp na marietjiewolmarans@yahoo.com of 082 345 8393 voor 2 September 2023.

Onthou om by te sit:

Gemeente se naam

Predikantsvrou se naam

Voorsitter en/ Sekretaresse van Vrouevereniging se naam en telefoonnommer.

3. **Bondsdames Byeenkoms Program**: Maandag 11 September 2023

07:30 - 8: 30 Ontbyt in die kerksaal

8:00 Registrasie in die kerksaal - Kosterdames

08:30 – 8:45 Gesamentlike Opening

09:00 - 10:45 Verwelkoming Konstituering – Yvette Otto

Lief en leed – Yvette Otto

Ysbreker – Kozette Strauss

Die pad vorentoe 1 – Yvette Otto

Doelstelling en gemeentebydraes – Marietjie Wolmarans

10:45 - 11:15 Teetyd

11:15 - 13:00 Die pad vorentoe 2 – Yvette Otto

Teologiese Opleidingsfonds – Yvette Otto

Opleiding van predikante – Marietjie Wolmarans

Kwilt – Alida van Wyk

13:00 - 14:00 Middagete

14:00 - 15:15 Aktiwiteit

Christa Breyten-bach en Kozette Strauss

Terugvoering – Yvette Otto

Bedankings – Marietjie Wolmarans

Afsluiting

15:15 – 15:45 Teetyd

17:00 - Spitbraai en lekker kuier saam met Gemeente Koster

## BYBELVASVRA

Vanjaar se vasvra het op 30 Julie 2023 plaasgevind. Deelnemende gemeentes se spanne het almal dieselfde vraestel, in drie kategorieë, in hulle eie gemeente geskryf. Predikante het die antwoordstelle aan die hand van memoranda nagesien en die punt ingestuur.

Die bestek was soos volg:

Laerskool: Rut en algemene Bybelkennis (50% van die vraestel) Hoërskool: Rut en algemene Bybelkennis (50% van die vraestel) Ope Afdeling: Rut en algemene Bybelkennis (50% van die vraestel)

Die teks van Rut soos in die 1983-Vertaling/1992-herformulering is gebruik.

Die volgende gemeentes het deelgeneem: Grootvlei, Koster, Vrede, Pietersburg, Premiermyn, Theresapark.

Die uitslag van vanjaar se Bybelvasvra is soos volg:

Laerskool

1ste Vrede 97,5%
2de Premiermyn 95%
3de Koster 85%

Hoërskool

1ste Vrede 94%
2de Pietersburg 92%
3de Premiermyn en Grootvlei 82%

Ope afdeling

1ste Theresapark Ouderlinge 94%
2de Theresapark Kategete 92%
Theresapark Susters 92%
Koster Sussies 92%
Premiermyn 92%

Ope Afdeling 3de Koster Ouderlinge 88%

## LEWENSBROOD 2024/25

Die redaksie span is besig om die dagstukkies te lees en taalkundig te versorg. Ons wil nou reeds ons dank aan predikante oordra vir netjiese, gehalte oordenkings wat ingedien is.

**Lewensbrood 2024 sal teen November 2023 beskikbaar wees**. Plaas nou reeds u bestellings by u plaaslike gemeente. Gelowiges van buite die GHG wat jaarliks die Lewensbrood ontvang, moet met Ella kontak maak by ella@geloofsbond.org.za.

Met ons drukkers wat onderhandel het met die verskaffers, kan ons hierdie jaar die LEWENSBROOD **TEEN DIESELFDE PRYS AS VERLEDE JAAR BESKIKBAAR STEL. Net R150** per

eksemplaar. Kyk ook na advertensie aan einde van Koersvas. BESTEL BETYDS!

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.

## Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

# Lewensbrood 2024

Dagboek met oordenkings vir elke dag

**R150-00 per Boek • Posgeld uitgesluit**

Bestellings moet by u gemeente geplaas word.
Indien u nie in 'n Bondsgemeente is nie kan bestellings by *Ella Joubert per WhatsApp 082 564 1915 of per e-pos: ella@geloofsbond.org.za* bestel word.

Sluitingsdatum vir bestellings is 22 Oktober 2023

**Oranjekas Spaar en Krediet Koöperatief Beperk**
Reg. 2009/003378/24

ORANJEKAS

Belê 'n enkelbedrag (tot 10,25% rente per jaar) of open 'n spaarrekening en verdien rente vanaf die eerste sent. (Belastingvrye perke soos deur SARS bepaal, is van toepassing). Bykomende 0,25% vir kerke, gemeentes en volks-instansies.

Kom word deel van die grootste geregistreerde CFI (Co-operative Financial Institution) in SA. Oranjekas is in proses van verdere finansiële lisensies en produkte. Kom help bou en word deel van u eie finansiële reus, waar u tuis sal voel.

Kasfin Edms Bpk is Oranjekas se filiaal wat aan ons lede, lewens- en korttermyn-versekeringsdienste asook testamente lewer.

Oranjekas word gereguleer deur die SARB (SA Reserwebank) , Die NCR (National Credit Regulator) en Kasfin word gereguleer deur die FSCA (Financial Services Conduct Authority). Terme en Voorwaardes geld. Individuele lenings en beleggingskontrakte vervat alle voorwaardes en terme van individuele transaksies.

**Breek weg na finansiële vryheid! Kontak ons vandag nog:**
☏ 012 754 5454
kontak@oranjekas.co.za